

Lêernommer: 19/4/10/2
Verwysing: 20230201-867

Assesseringsbestuursminuut: 0004/2023

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, (Hoofkantoor en distrikskantore), Adjunkdirekteure, Hoofonderwyskundiges, Hoofde: Kurrikulumondersteuning, Kringbestuurders, Hoofde: Bestuur en Beheer, Adjunk-hoofonderwyskundiges, Assesserings- en Eksamenkoördineerders, Vakadviseurs en Hoofde van inrigtings wat kandidate vir die Nasionale Senior Sertifikaat- en Senior Sertifikaat-eksamens voorberei

Onderwerp: Aansoeke om betrekkings as interne moderators, hoofnasieners, adjunkhoofnasieners, senior nasieners en nasieners vir November 2023 se Nasionale Senior Sertifikaat-, Junie 2024 se Nasionale Senior Sertifikaat- en Junie 2024 se Senior Sertifikaat-eksamens

1. Die Wes-Kaapse Onderwysdepartement (WKOD) het 'n mandaat om ingevolge die Personeeladministrasiemaatreëls, wat in *Staatskoerant* 46879 van 09 September 2022 gepubliseer is, asook enige ander bykomende kriteria soos deur die Hoof van Onderwys in die provinsie bepaal en goedgekeur, nasieners aan te stel.
2. Aansoeke word ingewag van opvoeders, vakadviseurs en senior kurrikulumbepanners wat aan die kriteria (soos uiteengesit in **Bylae A**) voldoen vir die betrekkings as interne moderators, hoofnasieners, adjunkhoofnasieners, senior nasieners en nasieners vir November 2023 se Nasionale Senior Sertifikaat- (NSS-), Junie 2024 se NSS- en Junie 2024 se Senior Sertifikaat- (SS-) eksamens.
3. **Aansoek- en aanstellingsproses**
 - 3.1 Suksesvolle aansoekers sal slegs vir die eksamentydperke vermeld, aangestel word. Alle nasieners wat dus in 2022 aangestel is en graag gedurende die 2023–2024-siklus wil nasien, **moet weer in 2023 aansoek doen.**
 - 3.2 Aansoekers kan die hulplêer aflaai by:
<https://exams.westerncape.gov.za/markers/UserManual/Index>

- 3.3 Toegang tot die aansoekplatform kan deur middel van die WKOD se webwerf verkry word by: <https://wcedonline.westerncape.gov.za/vacancy-lists>.
- 3.4 Aansoekers word versoek om aansoek te doen om **alle vakvraestelle en betrekkinge** waarvoor hulle in aanmerking kom (**Bylae A**). Byvoorbeeld, indien 'n aansoeker aansoek doen as adjunkhoofnasiener, moet hy/sy ook aansoek doen om die betrekking as senior nasiener **en** nasiener. Let daarop dat indien 'n aansoeker byvoorbeeld slegs aansoek doen om 'n betrekking as adjunkhoofnasiener, hy/sy **nie oorweeg sal word** vir die betrekking as senior nasiener of nasiener nie. Aansoekers sal dus slegs oorweeg word vir die betrekking(s) waarvoor hulle aansoek gedoen het.
- 3.5 Alle aansoekers wat aansoek wil doen, moet **Bylae B**, asook die [Handleiding vir die nasienprosedure vir die Nasionale Senior Sertifikaat- en Senior Sertifikaat-eksamens, 2022/23](#), raadpleeg **voordat** hulle oorweeg om formeel aansoek te doen om as nasieners aangestel te word.
- 3.6 Die aanstellingsproses vir alle nasieners is as volg:
Stap 1 – Verifiëring van aansoekers wat aan al die kriteria voldoen en op voorwaarde dat stawende dokumente aanlyn beskikbaar gestel is
Stap 2 – Keuring en aanstelling van nasieners
- 3.7 Senior nasienerspanne kan elke drie jaar hersien en geroteer word in die belang van opvolgbeplanning.
- 3.8 Daar sal van alle aangestelde nasieners verwag word om **die WKOD in kennis te stel** indien hul **status** as 'n opvoeder na **prinsipaal of waarnemende prinsipaal** verander voor die aanvang van die nasienproses (verwys na **Bylae C**).
- 3.9 As gevolg van voortgesette tekorte aan nasieners in sekere vakke, byvoorbeeld Tale, Geskiedenis en Godsdienstudies, beplan die WKOD om hersiene nasienmodelle vir November 2023 se NSS-eksamen te implementeer.
- 3.10 Voorkeur sal gegee word aan opvoeders wat **tans** voltyds by 'n skool graad 12-leerders **onderrig** (skoolgebaseer) of in 'n raadgewende hoedanigheid (kantoorgebaseer) ten opsigte van die Kurrikulum- en Assesseringsbeleidsverklaring (KABV) diens doen.
4. Die volgende aansoekers **sal nie** as nasieners oorweeg word nie:
- Prinsipale en waarnemende prinsipale
 - 'n Opvoeder/amptenaar wat 'n kriminele rekord het of uit die diens van enige Suid-Afrikaanse staatsdepartement ontslaan is
 - 'n Opvoeder/amptenaar wat 'n vrywillige skeidingspakket aanvaar het
 - 'n Opvoeder/amptenaar wat weens swak gesondheid afgetree het
 - Aansoekers wat 65 jaar oud is of wat in die nasientyd 65 sal word of is

- Opvoeders, distriks- of Hoofkantooramptenare wat nie meer direk by die onderrig of advisering van 'n vak en/of leerders betrokke is nie
- 'n Skoolgebaseerde opvoeder wat vir 50 of meer skooldae gedurende die huidige akademiese jaar afwesig was (dit is op alle soorte verlof van toepassing)
- 'n Kantoorgebaseerde opvoeder wat vir 20 of meer skooldae gedurende die huidige akademiese jaar afwesig was (jaarlikse verlofdae uitgesluit)
- 'n Opvoeder/amptenaar wat nie die bevoegdheidstoets afgelê het in gevalle waar dit vereis word nie
- 'n Opvoeder/amptenaar wat 'n familielid het wat November 2023 se NSS-eksamen, Junie 2024 se NSS-eksamen of Junie 2024 se SS-eksamen sal aflê en by die opvoeder/amptenaar woon, kwalifiseer nie vir aanstelling as hoofnasiener, adjunkhoofnasiener of interne moderator nie. Sodanige persoon mag aansoek doen om die betrekking as senior nasiener of nasiener
- 'n Opvoeder wat na 'n ander pos gesekeundeer is en wat **nie tans** die vak voltyds **onderrig nie**
- 'n Buitelandse opvoeder sonder die vereiste dokumente
- 'n Persoon in enige betrekking, anders as dié van 'n opvoeder
- 'n Opvoeder/amptenaar wat skuldig bevind is aan die oortreding van die Eksamenregulasies en waar die sanksies steeds van krag is
- 'n Opvoeder met 'n hangende dissiplinêre saak teen hom/haar.

5. Vakke met 'n bevoegdheidstoets

5.1 Die WKOD sal in 2023 bevoegdheidstoetse in die volgende vakke uitvoer:

- Rekeningkunde
- Besigheidstudies
- Verbruikerstudies
- Ekonomie
- Engels Huistaal
- Afrikaans Huistaal*
- Xhosa Huistaal*
- Geografie
- Geskiedenis
- Lewenswetenskappe
- Wiskunde
- Wiskundige Geletterdheid
- Fisiese Wetenskappe

* Opvoeders met 0 tot 5 jaar se onderrigervaring in Afrikaans Huistaal en Xhosa Huistaal of nuwe aansoekers, **moet die bevoegdheidstoets** vir hierdie vakke **skryf**. Aansoekers met meer as vyf jaar se onderrigervaring van graad 12, en wat gedurende enige twee van die nasientydperke (2018 tot 2022) as 'n nasiener gedien het, **hoef nie** die bevoegdheidstoetse in hierdie vakke te skryf nie.

- 5.2 Slegs aansoekers wat 60% en meer in die bevoegdheidstoetse behaal, sal vir aanstelling as nasienamptenare oorweeg word. Die uitslae van die toetse sal slegs aan opvoeders beskikbaar gestel word en kan vir ontwikkeling gebruik word.
- 5.3 Aansoekers wat tussen 2011 en 2022 'n bevoegdheidstoets in die bogenoemde vakke afgelê het en 'n slaagsyfer van ten minste 60% behaal het, **hoef nie** in 2023 die bevoegdheidstoets in hierdie vakke **te herhaal nie**, op voorwaarde dat hulle gedurende die gespesifiseerde nasiensiklus van vyf jaar (2018 tot 2022), as nasieners opgetree het en die diens wat hulle as nasieners gelewer het, bevredigend was. Aansoekers wat egter hul uitslae wil verbeter, word aangemoedig om die bevoegdheidstoetse weer af te lê en die inligting vir persoonlike groei aan te wend.
- 5.4 Alle pogings sal aangewend word om dit vir aansoekers moontlik te maak om die bevoegdheidstoets by 'n lokaal in die onderwysdistrik waar hulle woon, af te lê.
- 5.5 Die bevoegdheidstoetse is gegrond op kennis van die inhoud van die NSS-vak in die KABV-kurrikulum en die toepaslike nasienvaardighede in daardie vak. In die geval van vakke wat uit twee vraestelle bestaan, sal aansoekers oor die gekombineerde kurrikuluminhoud van Vraestel 1 sowel as Vraestel 2 getoets word. In die geval van Tale, sal aansoekers oor die gekombineerde kurrikuluminhoud van Vraestel 1, Vraestel 2 en Vraestel 3 getoets word.
- 5.6 Die beplande datums vir die aflê van die 2023-bevoegdheidstoetse is 08 tot 10 Mei 2023.
- 5.7 **Aansoekers moet die volgende skakel gebruik om vir die bevoegdheidstoets te registreer:**
<https://tinyurl.com/ummaxrt7>.
- 5.8 As daar nie geregistreer word nie, sal aansoekers nie inligting oor die bevoegdheidstoetse ontvang nie. Enige aansoeker wat sonder geldige registrasie vir die bevoegdheidstoets aanmeld, sal nie toegelaat om die toets te skryf nie.
- 5.9 Die sluitingsdatum vir registrasie om bevoegdheidstoetse te skryf is **31 Maart 2023**.

6. Belangrike datums vir aanlyn aansoek as nasieners

| Betrekking waarvoor aansoek gedoen word | Aansoek open | Aansoek sluit |
|--|-------------------|---------------|
| ALLE betrekkinge | 24 Februarie 2023 | 31 Maart 2023 |

7. 'n Inge vulde aansoek is geen waarborg vir 'n aanstelling as nasiener nie. Die aanstelling van 'n nasiener word slegs bevestig wanneer 'n **FINALE aanstellingsbrief** wat deur die Hoof: Onderwys of sy aangewese amptenaar onderteken is, ontvang word. Enige aanstelling kan te eniger tyd beëindig word, soos per **Bylae A**.

8. Dit is volgens wet 'n voorvereiste dat alle aansoekers keuringsklaring (**Bylae D**) ondergaan. Die keuringsklaring sal gedoen word deur 'n eksterne diensverskaffer wat deur die WKOD aangestel is. Keuringsklaring verifieer 'n nasiener se besonderhede, wat onder andere kwalifikasies, registrasie by die Suid-Afrikaanse Raad van Opvoeders, burgerskap, huidige onderrigstand, adres, ens., insluit.
9. Daar word voorsien dat die nasienproses in Desember 2023 (met 'n voorgestelde sluitingsdatum van 22 Desember 2023), indien prakties uitvoerbaar, nie enige interne skoolprosesse sal belemmer nie. Sodra nasieners aangestel is, is hulle verplig om hulself vir die **volle duur** van die opleidings- en nasienproses tydens November 2023 se NSS-eksamen, Junie 2024 se NSS-eksamen en Junie 2024 se SS-eksamen beskikbaar te stel.
10. Persone wat as nasieners aangestel word, sal onder geen omstandighede op opleidings- of nasiendatums verskoon word nie. **Alle nasieners moet dus tot aan die einde van die nasientydperk beskikbaar wees**, wanneer alle antwoordskrifte nagesien en gekontroleer is.
11. Indien u enige bystand benodig, kom asseblief met die volgende amptenare in aanraking:

| Distrik | Amptenaar | Kontakbesonderhede |
|--|-----------------|---|
| Weskus Metro-Suid | Nicole Gezwint | Nicole.Gezwint@westerncape.gov.za Tel.: 021 467 9329 |
| Metro-Oos Metro-Sentraal | Gladwyn Smith | Gladwyn.Smith@westerncape.gov.za Tel.: 021 467 9369 |
| Overberg Eden en Sentraal- Karoo | Gerrit Jafta | Gerit.Jafta@westerncape.gov.za Tel no.: 021 467 2988 |
| Metro-Noord Kaapse Wynland | Michaela Africa | Michaela.Africa@westerncape.gov.za Tel no.: 021 467 9362 |

12. Die nasien van die NSS- en SS-eksamens se antwoordskrifte is een van die belangrikste afdelings van die eksamenproses. Die WKOD is trots op die aanstelling van gekwalifiseerde en bevoegde nasieners. Prinsipale en ander senior amptenare wat nasieners aanbeveel, moet dus te goeder trou optree.
13. Elke aansoeker sal aanspreeklik wees vir die korrektheid van alle inligting wat op die aanlyn nasienstelsel ingevoer en opgelaai word.
14. Enige aansoeker wat nie 'n ingevulde en getekende verklaringsvorm indien en oplaai nie, sal nie in aanmerking kom om as nasiener aangestel te word nie.

15. In die geval waar enige fout begaan is met die aanstelling van 'n nasiener, behou die WKOD die reg voor om enige nodige regstelling aan te bring.
16. Die volgende bylaes word by hierdie minuut aangeheg:
Bylae A – Kriteria vir aanstelling as nasiener
Bylae B – Instruksies vir aanlyn aansoeke
Bylae C – Verklaring deur nasiener
Bylae D – Toestemmingsvorm ingevolge die Wet op die Beskerming van Persoonlike Inligting
17. Prinsipale, distriksdirekteure, kringbestuurders en vakadviseurs word versoek om die inhoud van hierdie minuut onder die aandag van alle opvoeders te bring sodat hulle hul kan vergewis van die aansoekproses en aanstellingskriteria wat gevolg moet word om in aanmerking te kom om tydens 2023 se NSS-eksamen, Junie 2024 se NSS-eksamen en Junie 2024 se SS-eksamen as nasieners op te tree. **Die Direkoraat: Assesseringsbestuur kan nie verantwoordelikheid aanvaar as opvoeders nie in kennis gestel word van die inhoud van hierdie minuut nie, of as hulle nie alle nodige dokumentasie indien nie.**
18. Die WKOD maak staat op u samewerking en ondersteuning in hierdie belangrike saak.

GETEKEN: H MAHOMED

ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBESTUUR

DATUM: 2023-02-17